

3

DIE DOOP AS TEKEN VAN DIE VERBOND

Die Doop

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders leer dat die Doop die ander sakrament is wat Jesus ingestel het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet weet dat –

- die Doop een van die twee sakramente is;
- Jesus die Doop ingestel het;
- die Doop die teken van die verbond is; en
- ouers hulle kinders laat doop omdat hulle glo hulle kinders behoort aan die Here.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- dankbaar wees dat hulle deel van God se verbond is; en
- bereid wees om soos verbondskinders te lewe.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- na afloop van die les die eersvolgende doopkategese saam met hulle kategeet gaan bywoon; en
- tydens die doopkategese belangrike feite wat die predikant noem, neerskryf.

MEER INLIGTING

Martin Luther, een van die belangrikste Kerkhervormers, het die gewoonte gehad om wanneer hy deur 'n moeilike tyd gegaan het, homself te herinner: *Ek is gedoop!* Hoekom sou die feit dat hy gedoop is soveel vir hom beteken het? Dis omdat die Doop hom herinner het dat God hom

op sy naam geroep het en belowe het om vir hom te sorg toe hy 'n baba was en niks vir homself kon doen nie. Noudat hy weer so magteloos voel soos 'n klein ou babatjie, weet hy dieselfde God sal weer vir hom sorg.

In die Hervormde Kerk word die Kinderdoop oor die algemeen bedien. As iemand reeds skoolgaande ouderdom bereik het, word die Doop eers bedien by belydenis van geloof. Grootdoop word ook bedien aan volwassenes wat gelowig geword het.

Die beste verduideliking van God se genade is juis die Kinderdoop. Toe ek 'n baba was en niks verstaan het nie, het God al na my toe gekom en gesê: *Ek wil vir jou 'n God wees, en wees jy vir My 'n kind*. God het toe reeds gedink ek is spesiaal, want ek behoort aan Hom. Hy het my eerste gekies, nog voordat ek Hom kon kies. Juis dit is genade, dat ek met my doop bevestiging gekry het dat God my gekies het en deel van sy gesin gemaak het al voor my geboorte.

Die Doop vertel die storie dat God my sondes vergewe. Net soos water my liggaam skoon was, net so herinner die doopwater my daaraan dat Jesus Christus my skoon was van my sonde.

Die Doop is 'n troos in moeilike tye en wanneer 'n mens twyfel. Die Doop herinner my juis dat ek aan God behoort, vasgeanker in sy verbond. My doop vertel hoe God oor my voel en dat Hy my nooit sal verlaat nie.

Daarom roep die Doop ons op om te lewe soos mense wat aan Christus behoort. Ek lewe nie vir Christus sodat ek in die hemel kan kom nie, maar *omdat* ek eintlik reeds in die hemel is! Dis genade!

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die doopregister wat by die skriba beskikbaar is.

KOM ONS BEGIN

- Heet al die ouers en grootouers welkom.
- Laat die persoon met wie so gereël is, open.

HET HULLE ONTHOU?

Voer kortliks 'n gesprek oor wat die kinders kon uitvind oor –

- hoe hulle ouers die Nagmaal verstaan, en of hulle dink dat dit belangrik is om Nagmaal te gebruik.
- waarom hulle ouers dink word Nagmaaldienste soms swak bygewoon.
- hulle ouers se siening oor Kindernagmaal.

Laat enkele kinders 1 Korintiërs 11: 26 opsê:

Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Laat hulle die ontbrekende woorde vir jou gee:

- 'n Sakrament is 'n *heilige, sigbare waarteken* en seël van die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis: Die Here het sy lewe gegee, sodat ons vir ewig kan lewe.
- Die hoop wat in ons brand en leef, is om by die Here te wees, by Hom waar alle *moeilikheid* en *swaarkry* op 'n end is.
- Jesus het self die twee sakramente, die *Doop* en die *Nagmaal*, ingestel.
- By die Nagmaal is die brood 'n simbool van Jesus se *liggaam* wat aan die kruis gebreek is, en die wyn is 'n simbool van die *bloed* wat uit sy wonde gevloei het. Hierdie bloed was ons skoon van alle sonde.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Jesus het die Doop ingestel. Hy het ook sy dissipels die wêreld ingestuur met die opdrag om oral waar hulle kom die mense wat gelowig geword het, te doop.

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van die inhoud van MEER INLIGTING en dra dit oor.

IETS BELANGRIK

Lees Matteus 28: 19 'n paar keer oor en oor: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*

Prent onderstaande feite by hulle in:

Toe ek 'n baba was en niks verstaan het nie, het God met my doop bevestig dat –

- ek aan Hom behoort;
- Hy my eerste gekies het nog voordat ek Hom kon kies;
- ek reeds deel van sy gesin is; en
- Jesus Christus my skoon was van my sonde.

IETS OM TE DOEN

Laat oupas, oumas, pa's en ma's vertel –

- as daar iets interessant gebeur het met hulle kinders se doop; en
- as iemand hulle iets oor hulle eie doop vertel het, byvoorbeeld: Waar het dit gebeur, wie was die dominee, en is daar iets interessant wat vir hulle vertel is van hulle doopdag?

Laat die kinders die aandenkings wat hulle oor hulle doop saambring het, vir die klas wys. Neem enkele van die aandenkings en verduidelik wat elkeen se betekenis is.

Indien ouers of grootouers as volwassenes gedoop is, vertel hulle wat hulle daarvan kan onthou.

Almal wat in die huidige gemeente gedoop is, kan die doopregister raadpleeg om die inskrywings daarin te sien. Reël vooraf met die skriba om dit beskikbaar te hê.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle almal tuis ou doopfoto's en doopaandenkings gaan soek en daaroor met mekaar gesels. Daar is dalk nog 'n familiedooprok met sy eie geskiedenis.

Laat hulle die Kerk se webwerf gaan oopmaak by www.nhka.org. Laat hulle die skakel *So glo ons* volg en na al die dokumente van die Kerk, veral die doopformuliere, kyk. Laat hulle veral gaan kyk watter belofte hulle ouers oor hulle gemaak het, en dit volgende week vir die klas kom sê.

LEER

Laat die kinders Matteus 28: 19 gaan memoriseer:

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Laat die kinders die volgende feite gaan leer:

- Toe ek 'n baba was en niks verstaan het nie, het God reeds gedink ek is spesiaal, want ek behoort aan Hom.
- Hy het my eerste gekies, nog voordat ek Hom kon kies.
- Met die Doop het God bevestig dat ek reeds deel van sy gesin is.
- Die doopwater herinner my daaraan dat Jesus Christus my skoon was van my sonde.

AFSLUITING

Vra een van die ouers of grootouers met wie vooraf gereël is, om af te sluit met gebed.